

30 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 5:21-6:9

Laat Christus die verhoudinge in julle gesin bepaal

Die Heilige Gees gee liefde aan 'n gelowige paartjie. Hy skep die verhouding sodat dit kan groei tot 'n verhouding waarin hulle trou aan mekaar kan sweer. Daarom kan ons in die huwelik mekaar net vrywillig dien en liefhê as ons vervul is met die Heilige Gees. 'n Geesvervulde vrou kan in die Bybelse sin aan haar man onderdanig wees. In die Bybel beteken dit nie dat sy gehoorsaam moet wees, sy slaaf moet wees of hom moet bedien nie. Sy is sy stut wat hom help om in die gespanne en moeilike lewe staande te bly. Destyds, toe hierdie brief geskryf is, was 'n vrou in die Joodse, Griekse en Romeinse samelewings baie erg misken. Sy was eintlik nie mens nie, maar net die man se gebruiksartikel en slaaf. Christus herskep die vrou tot die man se gelyke voor die Here. In die huweliksverhouding dien sy haar eie man met liefde vrywillig. Die man moet sy eie vrou liefhê soos Christus die kerk liefhet. Sy liefde moet haar laat blom as mens en hy moet haar beskerm en versorg soos sy eie liggaam. As man en vrou die ander een hoër ag as hom- of haarself, dan heers Christus in daardie huwelik. Kinders moet aan hulle ouers gehoorsaam wees omdat die Here hulle eintlike Vader is wat deur die ouers met die kinders werk. Ouers moenie hulle kinders domineer of vrye teuels gee sodat hulle opstandige kinders word nie. Werknemers moet werkgewers met toewyding dien, omdat hulle eintlik vir die Here werk. Werkgewers moet hulle werknemers behandel soos wat hulle graag deur ander behandel wil word. Al hierdie verhoudinge kan net gesond bly as gelowiges hulle laat lei deur die Heilige Gees en die Woord.

Sing: Psalm 133:1,2

Prof BJ de Klerk (Teologiese Skool Potchefstroom)